JEUGSKOU

V.l.n.r:Walter,Daniël,J.P.,Werner en Danie

Vyf seuns het die Vrystaat in Jeugskou verteenwoordig op die Nasionale Kampioenskappe by Bekker Landbouskool op Magaliesburg. Danie Muller en Juan-Pierre Rothner het onderskeidelik tweede en derde plekke behaal met hul posduiwe en daardeur ook erekleure by hul skool verwerf. Werner Smit het met 'n melkbok geskou, Daniël Kruger met 'n konyn en Walter O'Neale het in die tuisnywerheid afdeling meegeding. Hy moes 'n tafel dek, jogurt maak en bedien.

Jeugskou is 'n buitemuurse aktiwiteit van die Landbouskool Hendrik Potgieter, waarvan die seuns leerders is. Dit is 'n aktiwiteit waartydens die voorbereiding van die betrokke dier en die leerder se aanbieding beoordeel word. Die kwaliteit van die dier is nie ter sprake nie.

Tydens die Vrystaatse Kampioenskappe op Kroonstad het agt van ons seuns en dogters deelgeneem.

DANS....

DANS....

Die Kinderhuis stel ons studiesaal Vrydagmiddae tot beskikking van Elize Gogle dansskool van Bloemfontein vir Free Style danslesse. Van ons kinders en kinders uit die gemeenskap is hierby ingeskakel. Op die foto verskyn drie van ons sewe dogters wie hul eksamen suksesvol afgelê het onder leiding van hul instruktrise.



Drie seuns is verkies tot die Verteenwoordigende Raad van Leerders(VRL) van hulle onderskeie skole.

V.l.n.r : Alberto van Eck, Louis Witbooi en Danie Muller.

Baie dankie.....

Dis onmoontlik om ons kinders goed te versorg en te behandel sonder die gereelde bydraes van gemeentes, diakonië, susters en medegelowiges.

Pres.Kruger Kinderhuis
Van Riebeeckstraat 1
Posbus 65
Reddersburg
9904

Tel: 051-5530086/3
Faks: 051-553 0086
E-pos:
kinderhuis@zipplink.co.za

Vir kennisname van ons Donateurs

Bank: FNB

Rek No. 53542304729

Takkode: 231-532

Skenker kwitansie i.t.v. Artikel 18A van die Inkomstebelastingwet van 1962 is op aanvraag beskikbaar.

CHOMPIES

CHRISTUS HELP ONS MET PROBLEEMPIES

PRESIDENT KRUGER KINDERHUIS REDDERSBURG

NUUSBRIEF NOVEMBER 2009

SKOOLVERLATERS

RUBEN VAN SCHALKWYK

Vertel ons van jou lewe voor jy in die kinderhuis opgeneem is?
Ek is die jongste van drie broers. Albei my ouers is oorlede. Voor my pa se dood moes ek baie hard werk op die plaas en het baie verantwoordelikhede gehad, maar ook baie vryhede.
Hoe lank is jy nou in Pres. Kruger Kinderhuis, Reddersburg?
Een jaar en sewe maande. Ek kon nie aanpas in my nuwe omstandighede, weg van die plaas en in 'n baie groot skool na my pa se dood nie.
Hoe vind jy dit toe hier?
In die begin baie moeilik - al die roetine en reëls. Ek was wantrouig teenoor almal.
Wat het die verandering teweeg gebring?
My nuwe vriende se ondersteuning. Ek het begin om 'n sterker godsdiensbelewing te ervaar wat gelei het tot my belydenis aflegging.
Wat was die hoogtepunt van jou kort kinderhuislewe?
Die vertroue wat kinders en personeel in my gestel het om my as hoofseun van die kinderhuis te kies. Ander hoogtepunte was die kapteinskap van die eerste rugbyspan van die skool en onderkapteinskap van die 0/19 Gariep Provinsiale rubyspan. Dit was vir my 'n voorreg om kringleier by die CSV te wees.
Wat sou jou boodskap wees vir die ander kinderhuismaats?
Glo in mekaar en vertrou op die Here. Moenie altyd kritiseer nie - wees eerder positief.

V.l.n.r : Ruben,Suzette en Abel

IN MEMORIAM

MIKE DEKKER

15 Julie 1994—5 Augustus 2009

"Vier bederf sjokolades vir die graad nege katkisante – om opnuut weer met 'n skok te onthou daar is nou net drie .....
Mike jou plek is leeg en ons almal mis jou.
Vanaf die ouderdom agtien maande tot 5 Augustus was jy, met jou oop vriendelike lag, vir langer as dertien jaar deel van ons lewens."

Soos baie van u reeds bewus is, is die Kinderhuis swaar getref met die afsterwe van die vyftien jarige Mike Dekker op 5 Augustus 2009 aan komplikasies nadat hy varkgriep (H1N1) onder lede gehad het. Die Vrystaatse Departement van Gesondheid was baie behulpsaam deur isolasieprosedures in plek te kry en verpleeg susters van omliggende klinieke op 'n vier-en-twintig-uur-basis aan diens te plaas.

Op Vrydag, 14 Augustus, is die isolasie opgehef en kon ons almal normaal aangaan met ons lewe. Dit was opmerklik hoe dat gedissiplineerde gelowige kinders hulle kon aanpas by 'n noodsituasie.

Mike was mal oor visvang, sport(s), eet en NIE oor wiskunde nie. Sy maats het 'n lojale vriend en vertroueling verloor en ons 'n seun.

Ons is getroos deur die feit dat ons weet Mike het Christus geken en gekies en 'n mooi getuienis het van hom af uitgegaan.

Daarom kon ons spontaan op sy begrafnis sing...

"My enigste troos in lewe en dood, is dat ek aan Jesus Christus behoort" en kon klein en groot uit Mike se afsterwe leer dat ons elke dag gereed moet wees om ons Verlosser te ontmoet."

Dankie aan almal wat bygedra het vir die begrafnis. Danksy AVBOB se gratis diens kon die kinderhuisbestuur die MIKE DEKKER NOODFONDS op die been bring vir toekomstige privaat mediese kostes in noodgevalle.

Marianna Muller het vroeër vanjaar met sukses die Midmar myl voltooi. Op die foto staan sy met die medalje in haar hand.

As voorbereiding het sy elke aand na ete dertig lengtes in die swembad geoefen.



Marianna Muller